# OMGEE NUUS

## 3 November 2024
## Vandag

<table>
<tr><th>Eredienste</th><th></th></tr>
<tr><td>

**09:00 Erediens**<br>
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen<br>
**Teks:** Lukas 23:26, 32 – 43 (1983 vertaling)<br>
**Tema:** Sien opnuut weer wat Jesus vir jou gedoen het.

**JEUG**

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges)**<br>
**Aanbieder:** Maretha du Plessis<br>
**Tema:** Kersfeesvieringe

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**<br>
**Aanbieder:** Christine Rossouw<br>
**Tema:** Wat is lofprysing en bediening? (Johannes 4:23-24, 1 Thessalonisense 5:16-23, Romeine 12:1, Psalm 100:2, Psalm 100:4, Kolosense 3:16, Hebreërs 12:28)

**10:15 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**<br>
**Aanbieder:** Christine Rossouw<br>
**Tema:** Wat is lofprysing en bediening? (Johannes 4:23-24, 1 Thessalonisense 5:16-23, Romeine 12:1, Psalm 100:2, Psalm 100:4, Kolosense 3:16, Hebreërs 12:28)

**10:15 TvC (Gr 8 -10) – Kerk**<br>
**Aanbieder:** Magdalie Erasmus<br>
**Tema:** Vyf bakens van ons geloof: God die eer (Keuses)

</td><td>

**DIE KOMENDE WEEK…**

**Dinsdag 5 November**<br>
**11:00** Aksie Afgetredenes - Spitbraai<br>
**18:00** Sothokursus Prysuitdeling - Kleinkerk<br>
**Woensdag 6 November**<br>
**09:00** Bybelstudie (ds Leon) – Kleinkerk<br>
**18:30** Mannegroep – Lokaal 2<br>
**Donderdag 7 November**<br>
**09:00** Bybelstudie afsluiting – ds Riaan<br>
**14:00** Huishulpe Naaldwerk – Lokaal 1<br>
**18:00** Bybelstudie – ds Gerhard

**Sondag 10 November**<br>
**09:00 Erediens – Dankbaarheids Sondag**<br>
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Fonds vir Teologiese Opleiding (Kerkeie Opleiding)**

**JEUG - AFSLUITING**

**09:00** Kleuterkerk – Lokaal 2<br>
**09:00** Kinderkerk – Kleinkerk<br>
**10:00** JOG – Kleinkerk<br>
**10:00** TvC – Kerkgebou

**12:00 Bring & Braai (ouers en kinders)**<br>
**Sien agterblad vir besonderhede**

</td></tr>
</table>

## Lief en Leed

Dries van der Westhuizen, Boerneefstraat is oorlede. Meegevoel aan Elaine en sy kinders.
Thabo, wat vir 'n aantal jare die kerk se tuinhulp was, is oorlede.
**Voorbidding vir gesondheid:**
Ockert Vermeulen
Nico van der Walt

**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Vera du Toit, Summerplace, verjaar 6 Nov (84)
Sarie Gericke, WEG Louw, verjaar 6 Nov (86)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

### LIDMAATSKAP BEWYSE ONTVANG

**Belydende lidmate:**
Antonie Michael Gerber en Mary Beadon (nou Gerber) vanaf Jeffreysbaai (Thalia)
Janetha Sophia Janse van Rensburg (nou Wiese-Pool vanaf De Aar (West View)
Christina Elizabeth Ackerman (nou Lategan) vanaf Woodland Hills Gemeenskapskerk (Amber Village, Woodland Hills)
Wilmari Krüger vanaf Geref Kerk Kuruman (Constantiapark)

### AMOR

Amor benodig klimrame en swaaie. Indien enige iemand dalk so iets het wat in onbruik is, en daarvan ontslae wil raak, kontak vir Trudie 0762827276.

### OPERATEURS

Ons benodig vrywilligers om aan te sluit as operateurs om te help met klank, projektor en uitsendings. Jy hoef geen opleiding te hê, opleiding sal verskaf word.
**Navrae of om aan te meld**:- Operateurs

### VOLTYDSE LERAAR

Dit is vir ons aangenaam om bekend te maak dat ds Gerhard Meyer vanaf 1 Januarie 2025 aangestel is as voltydse mede-leraar van die gemeente.

### AKSIE OLYFTAK

Die laaste byeenkoms is Dinsdag 12 November 10:00 by die Kleinkerk.
'n Gesellige oggendtee om die jaar mee af te sluit. Afgetredenes is baie welkom. Indien jy vervoer benodig kontak die kerkkantoor.

### Calligrapy

Is daar dalk iemand in die gemeente, of weet jy dalk van iemand wat Calligrapy kan skryf? Kontak die kerkkantoor.

## Belangrike datums

**10 November** – Dankbaarheids Sondag en Kategese afsluiting

**17 November** – Kerssangdiens en 40-Jaar Feesdiens

**18:00** Kerskonsert

**24 November** – Afskeidspreek ds Riaan Stander

**1 Desember** - Kersete

**Pryse en spyskaart volg binnekort.**

## Terugvoer oor ons SENSUS van laasjaar.




Ons het die resultate terug ontvang vanaf Australië, en ‘n werkgroepie gaan dit nou stelselmatig ontleed en strategieë daarvolgens opstel.

Maar hier is solank ‘n interessante stukkie inligting.
Totale invloei van nuwe lidmate, is 28% van die lidmaattal.
Maar waar kom ons NUWE lidmate vandaan?
6% het hier groot geword en Belydenis afgelê.
19% kom van ander NG Gemeentes of ander denominasies.
4% het nie in die afgelope 5 jaar aan ‘n kerk behoort nie.

## Halloween – Onskuldige pret of nie?




Amerikaners vier Halloween op ‘n groot skaal,
tot so ‘n mate dat besighede bereken huisgesinne spandeer gemiddeld so R1400 per jaar op die geleentheid. Dit spoel nou ook oor na Suid Afrika en ek hoor van skole wat Halloween-danse hou, ens.

Is dit ‘n onskuldige fees wat net gaan oor lekkertjies vir die kinders uitdeel en lekker pret hê… en is dit iets waarmee Christene gemaklik kan wees?

Die Keltiese volke se feeste het rondom die seisoene gewentel. Hul *Samheim*-fees (uitgespreek: “*sow en*”) het die begin van die winter (31 Oktober tot 2 November) plaasgevind. Alle gewasse is ge-oes voordat die winter aanbreek en die koue alles laat doodgaan; en swak diere wat nie die winter sou oorleef nie, is geslag. Dit was dus ‘n tyd van dood, gesimboliseer deur geraamtes, skedels en swart kleure. Hulle het ook geglo dat tydens hierdie tyd die skeiding tussen lewe en dood gelig word, sodat die dooies tussen die lewendes rondbeweeg. Mense moes dan die geeste goed behandel (treat) ander sou die geeste hulle straf (trick).

Die vroeë kerk het gesukkel met lidmate wat nogsteeds baie vasgevang was in hul ou geloofstradiesies (*paganism*) en het derhalwe baie van hul geestelike feesviering laat saamval met van die *pagan*-feeste, om iets in die plek van die feeste te stel. So het hulle “*All-saints day*) op 1 November gevier. Op hierdie dag is mense wat martelare vir hulle geloof was, se dade gevier. Die feesvieringe het reeds die vorige aand begin en so het die naam All Hallows Eve (die Heiliges se aand) mettertyd bekend gestaan as Hallow-e’en en later Halloween.

In die lig van Halloween se “*pagan*” agtergrond en dit was uitgebeeld word deur die kleredrag, selfs die pampoen met ‘n liggie binne in, was bedoel om die geeste te kul dat hulle jou nie sal herken nie, en die “*trick or treat*” konsep, moet ons as Christene mooi gaan dink oor ons deelname aan sulke aktiwiteite. Sonder dat ons dit besef, dra ons maklik die boodskap uit dat ons glo in dit wat oorspronklik tydens hierdie fees gevier is.

## Jeug Afsluiting

# BRAAI



10
November
**2024**

Alle kinders en ouers is welkom. Kom kuier lekker saam met ons om die jaar af te sluit!

**LHP Gemente Kleinkerk Braai area**

Bring asseblief U eie vleisie en drink goedjies

INDIEN U 'N BYKOS WIL BRING KAN U VIR LISA LAAT WEET.

RSUP BY LISA: 0733243008

**Die braai begin om 12:00, indien U bywoon RSUP asseblief**